

NUWE PUBLIKASIES

[Die nuwe droom oor die kerk](#)

Gestuur - *Kerk-wees tussen gister en môre*

Gestuur vertel die storie van die nuwe droom oor die kerk.

Voor die Algemene Sinode van 2013 het die NG Kerk besef daar is op baie plekke in die wêreld, ook in die kerk, lewendige gesprekke oor geloof en die kerk aan die gang. Hulle het toe die vars en nuwe gedagtes uit dié gesprekke in 'n beleidsdokument saamgevat sodat ons saam nuwe, verbeeldingryke moontlikhede vir die toekoms van die kerk kan ontdek.

Gestuur vertaal die woorde van hierdie beleidsdokument in 'n eenvoudige manifes wat in alledaagse terme verduidelik hoe die kerk kán werk. Die boek nooi jou uit om saam te dink en saam te onderskei sodat 'n totaal nuwe beweging oor ons as gelowiges kan speel.

[Lees meer >>](#)



[Nuwe boek uit die pen van Jaap Durand](#)

Jaap Durand praat oor eenheid, versoening en geregtigheid

Al is Jaap Durand 'n skrywer en spreker met 'n groot getal publikasies agter sy naam, is dié versamelingbundel uniek in opset en inhoud. Sy kinders het voorgestel dat so 'n bundel saamgestel word om saam te val met sy 80ste verjaardag in 2014.

Soos die boektitel suggereer, weerspieël hierdie bundel temas wat Jaap Durand vir meer as 40 jaar passievol bedink en nagestreef het: die eenheid van die kerk, versoening tussen mense en dat geregtigheid sal geskied. Dit is dan ook die temas wat in die Belydenis van Belhar 'n sleutelrol speel.

Hoewel dié bundel temas direk en indirek met die Belydenis van Belhar verband hou, word dit nie daardeur omlin of beperk nie. Die bundelopset is veel wyer. Dit kan gelees word in terme van 'n oorkoepelende nadenke oor die rol van geloof in ons daaglikse lewe, die wese en roeping van die kerk – en uiteraard, óók oor die vraag na eenheid, versoening en geregtigheid.

Durand se skryfstyl word gekenmerk deur weerlose eerlikheid, humor, vlymskerp standpuntstelling, fyn onderskeiding en opregtheid.

[Lees meer >>](#)



Omvattende Bybelstudie vir Koninkrykstyl

Wonderwêreld

Jesus se woorde in Matteus oor die koninkryk van God



In *Wonderwêreld* kyk die skrywers in die loop van vier weke na gedeeltes in Matteus waar Jesus oor die koninkryk van God praat. Hulle sluit hierby in:

- Jesus se Bergpreek (Matt 5 – 7) – en noem dit Wonderlewe.
- Jesus se gelykenisse (Matt 13) – en noem dit Wonderbeelde.
- Kinders deur Jesus se oë (Matt 18 – 19) – en noem dit Wonderkinders.
- Die profetiese rede (Matt 24 – 25) – en noem dit Wondertoekoms.

In elke studie deel hulle die uniekheid van God se koninkryk, wat anders is as alle ander ryke, met ons. Hulle neem ons op 'n reis van bekering en verwondering wat ons dieper inlei in die wonderwêreld wat in Jesus naby aan ons gekom het.

Die skrywers is vier kollegas uit drie buurgemeentes in Durbanville. Hulle het besef die koninkrykstema skep vir hulle ruimte om betekenisvol en gelowig oor verskillende gemeenskapskwessies te dink en te praat. Die uitvloeisel hiervan is *Wonderwêreld*.

[Lees meer >>](#)

Vir meer inligting, onderhoud-geleenthede of media navrae, bel Amanda van der Westhuizen by 021 864 8231 of 082 568 2768.